

8 Maart

Skrifgedeelte: Matteus 24:32-25:13 (NAV)

Hou jou lamp brandend

Wat beteken die koms van die Here Jesus op die wolke vir jou?

Dit is die heerlike, triomfantlike ligpunt waarheen jy en ek op pad is. Jy moet dit nooit uit die oog verloor nie. Daar wag ewige feesvreugde op jou!

Maar die wederkoms is ook 'n dag van groot teëspoed vir hulle wat nie getrou gebly het nie (Matt 25:11,12,26-30,31-33). Daarom waarsku Christus ons uitdruklik. Daar is dinge wat nie tot die einde kan wag nie. Die geloofsvlam moet aan die brand gehou word. Daarvoor moet **jy** voorsiening maak. Toe Maria van Oranje op haar sterfbed gelê het, het die predikant haar vertel van die verlossing in Christus. Haar rustige antwoord was: "Ek het hierdie saak nie gelaat tot nou nie."

As die Bruidegom, Jesus, op die wolke verskyn, word elkeen geoordeel "volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het" (Op 20:12).

Jy is persoonlik verantwoordelik vir jou geloof in Christus Jesus. Dit is net jy wat jou geloof kan uitleef. Jy kan nie op ander steun as jy jou God moet ontmoet nie. Jy kan ook nie by hulle gaan leen nie. Jou geloof in Jesus Christus is iets wat voortdurend aan die brand gehou moet word. Jy móét daarvoor voorsiening maak.

Sorg jý dat daar genoeg olie in jou lamp is om dit aan die brand te hou totdat die Bruidegom kom!

Sing: Psalm 37:22,23

Ds APC Duvenage (Emeritus)